**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**HUISHOUDKUNDE SG**

**OCTOBER / NOVEMBER 2005**
**OKTOBER / NOVEMBER 2005**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 200**

**INSTRUKSIES:**

- AL die vrae is VERPLIGTEND.
- Begin **elke vraag** op ? **nuwe bladsy.**
- Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.
- Beantwoord **Vraag 1A (1.1 – 1.13)** (meervoudige keusevrae) van **Afdeling A** op die **antwoordblad** aan die **binnekant van die omslag** van jou **antwoordboek**.
- Beantwoord **Vraag 1B (1.14 – 1.19)** van **Afdeling A** asook **Afdelings B, C** en **D** in jou **antwoordboek**.
- Gebruik die onderstaande voorgestelde tydsgids.

**VOORGESTELDE TYDGIDS**

| VRAAGNOMMER | | PUNTE | TYD |
|---|---|---|---|
| **Afdeling A** | Vraag 1 | 50 | 45 minute |
| **Afdeling B** | Vraag 2 | 30 | 27 minute |
| | Vraag 3 | 30 | 27 minute |
| **Afdeling C** | Vraag 4 | 30 | 27 minute |
| **Afdeling D** | Vraag 5 | 30 | 27 minute |
| | Vraag 6 | 30 | 27 minute |
| | **TOTAAL** | **200** | **180 minute** |

AFDELING A

**VRAAG 1A**
**MEERVOUDIGE KEUSEVRAE**

Dui die korrekte antwoord duidelik aan deur ? kruis (**X**) oor die ooreenstemmende letter op die **antwoordblad** aan die **binnekant van die omslag** van jou **antwoordboek** te trek. Indien daar meer as een kruis by ? antwoord verskyn, sal GEEN PUNTE vir daardie vraag toegeken word nie.

**VOORBEELD:** Mikrogolwe is ______________ golwe.

A. lig
B. radio
C. infrarooi
D. elektromagnetiese

**ANTWOORD:**

| A | B | C | ~~D~~ (X) |
|---|---|---|---|

1.1 Die aantal **porsies** van melk en melkprodukte EN vleis en vleisalternatiewe wat **daagliks** geëet moet word, is ____________ .

A. een en twee
B. twee en twee
C. twee en drie
D. drie en vier

1.2 Watter TWEE **faktore** is **nie** in oorweging gebring tydens die bepaling van die volgende maaltyd **nie**?

| Gestoomde stokvis, gekookte aartappels, gestoomde blomkool en gebakte ryspoeding |
|---|

1. Vorm
2. Kleur
3. Tekstuur
4. Gaarmaakmetode

A. 1 en 2
B. 2 en 3
C. 3 en 4
D. 1 en 4

1.3 Watter een van die volgende groepe voedsel kan **geposjeer** word?

A. Biefstuk en ertjies
B. Lewer en murg
C. Vis en eiers
D. Lensies en boontjies

1.4 Wanneer **nutriënte**, byvoorbeeld Vitamien A en Vitamien D **by** laevet melkpoeier **gevoeg** word, staan die proses bekend as ________________ .

A. standaardisering
B. homogenisering
C. suiwering
D. fortifisering

1.5 Voorbeelde van **skulpvis** is ____________ .

A. snoek en mossels
B. kreef en kabeljou
C. seekreef en stokvis
D. krappe en oesters

1.6 Wanneer **proteïene** krimp en hulle waterverbindingsvermoë verloor, vind ____ plaas.

A. koagulering
B. denaturering
C. sinerese
D. retrogradering

1.7 Lamsbredie word gekook in voldoende water **onder** kookpunt. Die beste **kookgereedskap** vir hierdie gereg is ? ___________ .

A. prutpot
B. dubbelkoker
C. drukkoker
D. waterlose pot

1.8 Identifiseer watter **eenheid** hoort NIE in die **werksdriehoek** van ? **gangtipe** kombuis nie.

A. Yskas
B. Opwasbak
C. Stoof
D. Opdienarea

1.9 Die **toestand** wanneer die spiere saamtrek en die bloedsirkulasie swak is, staan bekend as _____________ spiersametrekking.

A. dinamiese
B. ritmiese
C. statiese
D. beperkte

1.10 **Affektiewe** menslike hulpbronne sluit in ___________ .

A. gehoor en sig
B. geld en tyd
C. gevoelens en emosies
D. ruimte en toerusting

1.11 Identifiseer ? kombinasie van moontlike **aftrekkings** van ? gesin se maandelikse salaris:

A. Behuisingsubsidie, klub ledegeld, water en elektrisiteit
B. L.B.S, mediese fonds, pensioen fondsbydrae
C. Behuisingslening-paaiemente, dividende, oortydbetalings
D. Versekeringspolis-premie, rente op beleggings, bankfooie

1.12 Een eienskap van ? **aftree-annuïteit** is dat _____________ .

A. dit besondere belastingvoordele het
B. bydraes tydelik gestop kan word indien nodig
C. dit ? publieke pensioenskema is en oop is vir almal
D. dit ? belangrike deel vorm van ? pensioenaris se finansiële beplanning

1.13 Watter van die volgende is voorbeelde van ? **gesin se betrokkenheid** in die politiese sisteem van die land?

1. Hulle onderwerp hulle aan die land se wette en regulasies.
2. Hulle behoort aan die Natuurlewe-vereniging.
3. Wanneer hulle oud genoeg is, kan hulle hul reg om te stem uitoefen.
4. Die vader is ? lid van die buurtwag.

A. 1 en 3
B. 2 en 3
C. 2 en 4
D. 3 en 4 13x2= (26)

## VRAAG 1B

Beantwoord die res van die vrae in jou **antwoordboek**.

1.14 Pas die **verduideliking** in **Kolom B** by die **proses** wat in 'n melktert plaasvind in **Kolom A**. Skryf slegs die vraagnommer (1.14.1 – 1.14.5) **onder mekaar** in jou **antwoordboek** neer en dan die **letter** (A – G) van jou keuse langs die vraagnommer, bv. 1.14.6 – H.

| **KOLOM A PROSES** | | **KOLOM B VERDUIDELIKING** | |
|---|---|---|---|
| 1.14.1 | Omkeerbare swelling | A. | Soos die melktert afkoel, vorm ? drie-dimensionele netwerk waarin water vasgevang is |
| 1.14.2 | Dekstrinisasie | B. | Vloeistof omring elke styselgranule wanneer ? pasta gemaak word om klontvorming te voorkom |
| 1.14.3 | Gelatinisering | C. | Die styselmolekules trek saam op ? georganiseerde, kristalagtige wyse wanneer die melktert afkoel |
| 1.14.4 | Retrogradering | D. | Na twee dae krimp die jelnetwerk van die melktert en stoot water uit die jel |
| 1.14.5 | Sinerese | E. | Styselgranules in die pasta absorbeer water en swel, maar kan na sy oorspronklike droë vorm terugkeer |
| | | F. | Mielieblom se styselgranules in die pasta neig om na ? onoplosbare vorm terug te keer |
| | | G. | Die kors van die melktert ontwikkel ? goudbruin kleur nadat dit gebak is |

(5)

1.15 **Maslow** se **Hiërargie van Behoeftes**. Kies uit **Kolom B**, een **voorbeeld** om te pas by elke **behoefte** in **Kolom A**. Skryf slegs die **vraagnommers** (1.15.1 – 1.15.4) **onder mekaar** in jou **antwoordboek** neer en dan die **letter** (A – F) van jou keuse langs elke vraagnommer, bv. 1.15.5 – G.

| **KOLOM A MASLOW SE BEHOEFTE** | | **KOLOM B VOORBEELD** | |
|---|---|---|---|
| 1.15.1 | Sosiale behoefte | A. | Peter gaan volgende somer om die wêreld seil |
| 1.15.2 | Fisiese behoefte | B. | Mpho waardeer die erkenning wat sy kry vir haar topprestasie. |
| 1.15.3 | Ego behoefte | C. | Thabo organiseer die na-party vir die matriekdans. |
| 1.15.4 | Veiligheidsbehoefte | D. | Emily eet baie gesond om slank te bly. |
| | | E. | Siada dra ? mediese armband om haar pols omdat sy allergies vir bye is. |
| | | F. | Janet is besig met opleiding om ? top ballerina te word en sy wil internasionaal dans. |

(4)

1.16 Kies uit die onderstaande lys van VYF stellings wat waar is met betrekking tot die **pasteurisasie van melk**. Skryf die vraagnommer (1.16) en die VYF letters (A – J) van jou keuse **onder mekaar** neer in jou antwoordboek.

| PASTEURISASIE VAN MELK | |
|---|---|
| A. | Party van die melksoute word minder oplosbaar. |
| B. | Daar is geen riboflavien-verlies nie. |
| C. | Die melk word maklik galsterig as gevolg van die groter oppervlak blootstelling aan suurstof. |
| D. | Die melk word verhit tot 72,5ºC vir 15 sekondes. |
| E. | Dit is makliker om te verteer as gehomogeniseerde melk. |
| F. | Na verhitting word dit vinnig afgekoel tot by 4ºC. |
| G. | Hierdie behandeling maak dit moontlik om melk vir lang periodes te bêre indien dit onoopgemaak is. |
| H. | Patogeniese organismes soos tuberkulose word vernietig. |
| I. | Die melk word verhit tot 104ºC en dan geleidelik afgekoel. |
| J. | Pasteurisasie sal die melkproteïne versterk as dit verkeerd toegepas word. |

(5)

1.17 Kies uit die lys hieronder, VIER **eienskappe van bevrore vis**. Skryf die vraagnommer (1.17) en die VIER letters (A – H) van jou keuse **onder mekaar** in jou antwoordboek neer.

| EIENSKAPPE VAN BEVRORE VIS | |
|---|---|
| A. | Vis moet hard gevries wees wanneer dit aangekoop word. |
| B. | Die vesel moet ferm en elasties wees wanneer hanteer word. |
| C. | Slegs ? effense of geen reuk moet aanwesig wees. |
| D. | Daar moet lugholtes wees tussen die stukke vis. |
| E. | Daar moet geen verkleuring van die vis wees nie. |
| F. | Die vis moet ? vars "vis" reuk hê. |
| G. | Verpakkingsmateriaal moet lug- en vogdig wees. |
| H. | Die kieue moet ? helder pienk kleur hê. |

(4)

1.18 Kies uit die onderstaande lys DRIE **geregte/voedsels waar eierskuim gebruik** is. Skryf die vraagnommer (1.18) en die DRIE letters (A – F) van jou keuse **onder mekaar** in jou antwoordboek neer.

| GEREGTE/VOEDSELS WAAR EIERSKUIM GEBRUIK IS | |
|---|---|
| A. | Mayonnaise |
| B. | Salmmousse |
| C. | Meringues |
| D. | Ryk tertkorsdeeg |
| E. | Melkbrood |
| F. | Tuna soufflé |

(3)

1.19 Kies uit die lys hieronder DRIE **faktore wat besluitneming beïnvloed**. Skryf die vraagnommer (1.19) en die DRIE letters (A – F) van jou keuse **onder mekaar** in jou antwoordboek neer.

| FAKTORE WAT BESLUITNEMING BEÏNVLOED | |
|---|---|
| A. | Rolle en aspirasies |
| B. | Gesinshulpbronne |
| C. | Geïntegreerde bestuursvaardighede |
| D. | Gesinseienskappe |
| E. | Lewensvatbare alternatiewe |
| F. | Persoonlike waardes |

(3)

**TOTAAL VIR AFDELING A: [50]**

AFDELING B

**VRAAG 2**

**Begin Vraag 2 op ? Nuwe bladsy in jou antwoordboek**.

Simon en Maybel vier hulle derde huweliksherdenking met ? spesiale dinee vir hulle vriende. Bestudeer die spyskaart hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SPYSKAART**

**DINEE**

STOKVIS MAYONNAISE

TAMATIESOP
CROUTONS

BEESVLEISBREDIE
RYS
TAMATIE-EN-UIESLAAI
AVOKADOVORM

ROOMPOFFERTJIES

15 JULIE 2005

2.1 Trek die onderstaande tabel in jou **antwoordboek** oor en beantwoord vrae 2.1.1 – 2.1.4 daarin.

| 2.1.1 | 2.1.2 | 2.1.3 | 2.1.4 |
|---|---|---|---|
| **Vyf voedselgroepe** | **Voedsel van spyskaart** | **Gaarmaakmetode** | **Medium gebruik** |
| | | | |

2.1.1 Noem die VYF **voedselgroepe** verteenwoordig op die spyskaart. (5)

2.1.2 Maak SLEGS gebruik van die voedsel **op** die spyskaart en gee ? voorbeeld van elke voedselgroep. (5)

2.1.3 Stel ? toepaslike gaarmaakmetode voor wat vir elke voedsel in Vraag 2.1.2 gebruik kan word. (5)

2.1.4 Identifiseer die gaarmaak **medium** wat in die voorgestelde gaarmaak-metode gebruik word. (5)

2.2 Terwyl die witsous gemaak word, moet seker gemaak word dat die roux NIE verbruin word nie. Terwyl die vleissous gemaak word, IS die roux verbruin en alhoewel dieselfde hoeveelheid meel gebruik is, is die vleissous dunner. Verduidelik die **verskil** in die resultate. (3)

2.3 Die vars tamatiesop het **geskif** terwyl Maybel dit gemaak het en sy moes dit vervang met geblikte tamatiesop.

2.3.1 Verduidelik **waarom** die sop geskif het. (2)

2.3.2 Verduidelik hoe dit **verhoed** kon word. (2)

2.3.3 Sou die **vars** tamatiesop dieselfde **Vitamien C**-inhoud hê as die **geblikte** tamatiesop? Gee redes vir jou antwoord. (3)

**[30]**

## VRAAG 3

**Begin Vraag 3 op ? nuwe bladsy in jou antwoordboek.**

3.1 Verduidelik die **veranderinge** wat in die **bindweefsel** in die vleis sal plaasvind indien die vleis vir 60 minute gelaat is om te prut. (4)

3.2 **Rigor mortis** het in die vleis plaasgevind voordat dit opgesny was. Wat gebeur wanneer rigor mortis plaasvind **en** hoe affekteer dit vleis? (4)

3.3 Die verskil tussen ? slaaisous en ? mayonnaise is dat **mayonnaise nie skei** wanneer dit gelaat word om te staan nie. Identifiseer die **stof** wat hiervoor verantwoordelik is en verduidelik sy funksie. (4)

3.4 Beskryf die effek van die volgende byvoegings op **geklitste eierwitskuim**:

3.4.1 Eiergeel
3.4.2 Suurlemoensap
3.4.3 Sout
3.4.4 Suiker bygevoeg aan die begin van die klitstyd (4)

3.5 Die avokadovorm was **onsuksesvol**. Stel redes voor vir elk van die volgende probleme:

3.5.1 Die blokkies avokado was bruin van kleur.
3.5.2 Die vorm het na kerrie gesmaak, alhoewel GEEN kerrie bygevoeg is nie.
3.5.3 Die vorm het gekrimp en ? waterige voorkoms gehad.
3.5.4 Die vorm wou nie uit die houer loskom nie. (4)

3.6 Die tamaties was op die plant in die son gelos om ryp te word. Oorweeg die rypwordingsproses en gee redes vir die volgende **veranderinge** wat plaasvind wanneer **vrugte ryp word**.

3.6.1 Die kleur verander.
3.6.2 Die tekstuur versag.
3.6.3 Die vrugte word soeter. (3)

3.7 **Vitamien C** gaan maklik verlore gedurende die voorbereiding van groente. Stel voor hoe die volgende stappe die **verlies** van hierdie vitamien **kan verhoed**.

3.7.1 Groente word in klein hoeveelhede aangekoop.
3.7.2 Groente word in ? koel plek gestoor.
3.7.3 Groente word nie vir lang periodes geweek nie. (3)

3.8 Noem VIER **eienskappe** van perfek gebakte roompoffertjies (chouxpasta). (4)
**[30]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [60]**

## AFDELING C

### VRAAG 4

**Begin Vraag 4 op ? nuwe bladsy in jou antwoordboek.**

4.1 Verduidelik wat sal veroorsaak dat die **gehalte** van die volgende voedsels mag bederf gedurende **opberging**:

4.1.1 Aartappels
4.1.2 Melkpoeier
4.1.3 Rys
4.1.4 Eiers
4.1.5 Vis (5)

4.2 Simon is dikwels weg van die huis af op besigheid. Wanneer hy nie by die huis is nie, **eet** Maybel dikwels **uit** of eet **wegneemetes**. Sy eet ook baie **versnaperinge** terwyl sy T.V. kyk.

4.2.1 Verduidelik die probleme wat met hierdie voedselkeuses geassosieer word. (4)

4.2.2 Noem DRIE groepe mense wat versnaperinge moet eet. (3)

4.3

André, (Maybel se broer) het Graad 12 verlede jaar aan ? *privaatskool* geslaag. Hy wil *universiteit* toe gaan, maar kan dit nie bekostig nie. Hy het oral in die *arbeidsmark* gekyk maar hy kon nie ? geskikte werk kry nie. Sy *bure* en *vriende* almal help soek. Uiteindelik het hy ? *advertensie* van ? *internasionale firma* beantwoord en het hy werk in *Amerika* gekry om vrugte gedurende die somer te gaan pluk.

Bestudeer die onderstreepte woorde in die paragraaf hierbo en besluit of hulle onder die **mikro-** of **die makro-omgewing** hoort. Teken die tabel in jou antwoordboek oor en beantwoord die vraag daarin.

| MIKRO-OMGEWING | MAKRO-OMGEWING |
|---|---|
| | |

(8)

4.4 Verduidelik elk van die volgende **eienskappe van hulpbronne**.

4.4.1 Bruikbaarheid
4.4.2 Toeganklikheid
4.4.3 Uitruilbaarheid (3)

4.5 Noem die volgende **tipes besluite**:

4.5.1 ? Besluit om ? goeie buurt te kies om in te woon
4.5.2 ? Besluit dat elkeen in die gesin hulle eie kamer skoon moet hou
4.5.3 ? Besluit om met die bus werk toe te gaan omdat dit goedkoper is as om met die motor te ry (3)

4.6 Maybel benader die **versorging en skoonmaak** van haar huis op ? totaal verskillende manier as haar oumagrootjie. Brei uit op hierdie stelling met verwysing na:

4.6.1 Beskikbare tyd
4.6.2 Standaarde vir skoonmaak van die huis (4)

**[30]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [30]**

## AFDELING D

### VRAAG 5

**Begin Vraag 5 op ? nuwe bladsy in jou antwoordboek.**

5.1 Lees die onderstaande gevallestudie deeglik deur en beantwoord die vrae wat volg.

> Simon en Maybel begroot elke maand versigtig. Simon verdien ? bruto salaris van R7 000 per maand. Die volgende word afgetrek R2 480 word vir inkomstebelasting, R800 vir pensioen en R500 vir mediese fonds. Maybel verdien R4 690 na aftrekkings. Sy boer met hoenders om hulle voedsel aan te vul en verkoop die eiers vir ekstra inkomste. Simon koop twee keer ? week ? loterykaartjie.

5.1.1 Verduidelik die verskil tussen **bruto** en **netto inkomste**. (2)

5.1.2 Noem VIER slaggate waarvan Simon bewus moet wees om te verseker dat sy **pensioen voldoende** sal wees wanneer hy **aftree**. (4)

5.1.3 Klassifiseer **geldelike inkomste** in DRIE groepe en gee EEN voorbeeld van elke klas van inkomste. (6)

5.2 Lees die stuk hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

> Omdat hulle albei werk en hulle huidige huis groot is, deel hulle die huiswerk. Maybel spandeer energie om die badkamer skoon te maak en stofsuig die matte deeglik oor die naweke. Simon stel ? inkopielys op vir die week se kruideniersware en bring dikwels ? klein geskenkie huistoe om vir Maybel te wys dat hy haar waardeer. Simon studeer saans terwyl Maybel somtyds resepte soek op die internet. Beide het dieselfde hoeveelheid geld om op hulle stokperdjies te spandeer.

5.2.1 Identifiseer VIER **nie-menslike hulpbronne** vanuit die gevallestudie. (4)

5.2.2 Identifiseer VIER **menslike hulpbronne** vanuit die gevallestudie. (4)

5.3 Noem DRIE faktore wat oorweeg moet word **wanneer ? funksionele vertrek beplan word.** (3)


5.4 Verduidelik hoe **statiese** spieraksie kan bydra tot **spiermoegheid.** (3)

5.5 Stel VIER basiese **beginsels** van **pakplek** voor om klere te berg. (4)
**[30]**

## VRAAG 6

**Begin Vraag 6 op ? nuwe bladsy in jou antwoordboek.**


Bestudeer die skets hieronder van ? sitkamer en beantwoord die vraag wat volg.



6.1 Identifiseer die ontwerpelement of -beginsel wat hieronder beskryf word.

6.1.1 Die vertrek het ? **donsagtige** mat
6.1.2 Die tipe **lyne** in die prent teen die muur
6.1.3 **Herhaling** van die kolle op die rusbank
6.1.4 Die groot **prent** op die muur
6.1.5 Die tipe **balans** wat op die rusbank voorkom
6.1.6 Alles in die vertrek lyk goed saam. (6)

6.2



6.2.1 Identifiseer die **kombuisuitleg** in die vloerplan hierbo. (1)

6.2.2 Noem DRIE **ander** tipes **kombuisuitlegte (vorms).** (Nie die een genoem in Vraag 6.2.1). (3)

6.3 **Behalwe** om vensters en deure oop te los, noem VIER ander maniere waarop hierdie huis in die warm somermaande **koel** gehou kan word. (4)

6.4 Simon is bekommerd oor die **veiligheid** in die huis, veral by die **swaaideur** tussen die kombuis en die sitkamer, die **glas** patio-deur sowel as die **laevlak**-vensters. Stel ? paar **voorsorgmaatreëls** voor wat hy kan neem. (4)

6.5 Maybel het dikwels nie genoeg tyd om al die dinge in een dag te doen wat sy graag wil doen nie. Stel VYF riglyne voor wat sy kan volg om haar **tyd meer effektief** te gebruik. (5)

6.6 Noem VIER voordele van **gedeelde verantwoordelikheid** in ? huishouding. (4)

6.7 ? Jong paartjie het ? driejarige kleuter. Verduidelik hoe hierdie jong gesin gesinseenheid (solidariteit) kan bereik. (3)
**[30]**

**TOTAAL VIR AFDELING D: [60]**

**TOTAAL: 200**

**EINDE**